| | |
|---|---|
| Rapporteerbaar: | Ja / Nee |
| Sirkuleer onder Regters: | Ja / Nee |
| Sirkuleer onder Landdroste: | Ja / Nee |
| Sirkuleer onder Streeklanddroste: | Ja / Nee |

**IN DIE HOë HOF VAN SUID-AFRIKA**

**NOORD-KAAP HOë HOF, KIMBERLEY**

**SAAKNO: CA&R 3/13**

**In die appèl van:**

**JOZEF VAN DER WALT** **APPELLANT**

**teen**

**DIE STAAT** **RESPONDENT**

*Coram: Phatshoane R et Erasmus WnR*

---

## UITSPRAAK

---

***ERASMUS WnR***

1. Hierdie is 'n uitspraak op appèl teen die vonnisse wat die appellant opgelê is in die Streekhof te Petrusville. Die appellant is skuldig bevind aan drie aanklagte van diefstal, met inagneming van die bepalings van Wet 57 van 1959 (veediefstal), nadathy skuldig gepleit het. Eerstens is dit hom ten laste gelê dat hy gedurende die periode 27 Januarie tot 26 Februarie 2010, 87 dorper ooie ter waarde van R106 800.00 gesteel het. Tweedens is dit hom ten laste gelê dathy gedurende die periode 12 Februarie en 11 Maart 2010, 5 kruisras beeste ter waarde van

R20 000.00 gesteel het. Derdens is dit hom ten laste gelê dat hy gedurende die periode 1 Mei 2009 en 11 Maart 2010, 100 dorper skape ter waarde van R100 000.00 gesteel het.

2. Die beskuldigde het skuldig gepleit. Die feitebasis, soos uiteengesit in die verklaring wat in terme van artikel 112(2) van Wet 51 van 1977 opgestel en ingehandig is, is deur die Staat aanvaar.

3. Verskeie getuies het ter versagting en verswaring van vonnis getuig. Die appellant is uiteindelik op 18 November 2011 op die drie aanklagte onderskeidelik gevonnis tot 6, 2 en 8 jaar gevangenisstraf, waarvan 4 jaar gevangenisstraf opgeskort is vir 5 jaar in aanklag 3.

4. Na vonnisoplegging het die appellant aansoek gedoen om verlof om te appelleer teen die vonnisse wat hom opgelê is, welke aansoek deur die verhoorhof toegestaan is. Die agbare verhoorlanddros hetdie aansoek toegestaan omdat sy van oordeel was dat die hof van appèl moontlik tot ‘n ander bevinding kan kom wanneer daar gehandel word met die kumulatiewe effek van die vonnisse. Aansoek om borg hangende appèl is, na die aanhoor van getuienis, geweier. Die appellantisdus sedert 18 November 2011 in hegtenis, besig om sy vonnis uit te dien.

5. Dit is geykte reg dat straftoemeting primêr behels die uitoefening van ‘n diskresie van die verhoorhof.Die vraag wat die hof van appèl moet beantwoord is bloot of die verhoorhof die diskresie wat aan hom toevertrou is redelikerwys uitgeoefen het. Slegs wanneer die verhoorhof misgetas het, homself wanvoorgelig het, ‘n onreëlmatigheid begaan het of waar die vonnis buitensporig swaar of skokkend onvanpas sal die hof van appèl geregtig wees om in te meng met die opgelegde vonnis[1].(2)

---

1
2**S v Pillay** 1977 (4) SA 531 (A) op 535 E-F, **S v M** 1982 (1) SA 589 (A) op 592G, **S v Pieters** 1987 (3) SA 717 (A) op 728 B-C en **S v De Jager and Another** 1965 (2) SA 616 (A) op 628

6. Meneer Van Heerden, namens die appellant, het aangevoer dat die individuele vonnisse skokkend onvanpas is, dat die verhoorhof fouteer het deur nie die kumulatiewe effek van die vonnisse te temper nie en dat die vonnis wat die appellant opgelê is, vernietigend is. Hy het verder aangevoer dat die verhoorhof fouteer het deur die mening te huldig dat gevangenisstraf vir veediefstal opgelê moet word en dat sy uit die oog verloor het dat vonnisse geïndividualiseer moet word. Verder het hy aangevoer dat die verhoorhof te min gewig verleen het aan die feit dat die klaers vergoed is vir hul verliese. Hy voer aan dat, waar oortuigende versagtende omstandighede teenwoordig is, direkte gevangenisstraf nie noodwendig opgelê hoef te word nie. In hierdie verband het hy verwys na sake waar opgeskorte vonnisse of gevangenisstraf in terme van artikel 276(1)(i) van Wet van 51 van 1977 opgelê is vir veediefstal.(3)

7. Mev Jansen, namens die respondent, het toegegee dat individuele vonnisse op elke aanklag swaar is en dat die kumulatiewe effek van die vonnisse moontlik as skokkend swaar en onvanpas beskou kan word, gegewe die persoonlike omstandighede van die beskuldigde. Sy doen egter, met verwysing na relevante gesag, aan die hand dat 'n redelike termyn van direkte gevangenisstraf die enigste gepaste straf is.(4)

8. Veediefstal word in hierdie afdeling van die Hoë Hof beskou as 'n ernstiger vorm van diefstal, veral aangesien die gebied 'n groot vleisproduserende gebied is.(5)

9. In die onderhawige saak is hier verskeie verswarende faktore teenwoordig. Uit die getuienis van die ondersoekbeampte wat voor

---

3**S v Radebe** 1992(2) SASV 303 (O), **S v Patrick Leboko**, Saakno. CA & R 44/2010, NK (ongerapporteer); **S v Truyens** 2012(1) SASV 79 (HHA)
4**S v Tyers** 1997(1) SASV 261 (NK) op 267 h – j, **S v Oosthuizen** 1993(1) SASV 10 (A) op 11 e – g, **S v Truyens** 2012(1) SASV 79 (HHA)
5**S v Seiphoro** 1996(2) SASV 513 (NK)

vonnisoplegging getuig het, blyk dit ook dat veediefstal toegeneem het en dat die oplossingsyfer van veediefstalklagtes baie laag is, weens ‘n verskeidenheid van redes. Die klaers in die drie sake is almal boere wat grond by die appellant gehuur het en hulle het nie direkte beheer oor die vee gehad het nie. Die appellant het in ‘n vertrouensverhouding met die klaers gestaan. Groot hoeveelhede vee is gesteel is oor verskeie maande.Die vee is helder oordag verwyder met die hulp van die appellant se werkers. Die vee is deur die appellant verkoop asof dit sy eiendom was. Die appellant moes ook die misdrywe vooraf beplan het deurdat hy sy vee-identifikasiemerk aangebring op van die skape en die vee weggery het na Colesberg en Bloemfontein, om dit daar te gaan verkoop. Dit is gedoen om aan die appellant en sy gewese vrou se behoeftes te voldoen, wat ingesluit het ‘n baie duur troue. Gierigheid het dus ook ‘n rol gespeel. Die misdrywe is eers ontdek deur die oplettendheid van een van die klaers en die ondersoekwerk van die Suid-Afrikaanse polisie, wat ingesluit het die werwing van ‘n beriggewer.

10. Die persoonlike omstandighede van die appellant en ander versagtende faktore is deur die verhoorhof in ag geneem by vonnisoplegging. Die appellant is ‘n 32-jarige eerste oortreder. Hy het skuldig gepleit en het daadwerklike berou. Die appellant ly aan depressie. Hy het ‘n afhanklike persoonlikheidstyl en sal tot die uiterste gaan om goedkeuring te verdien en ‘n gevoel van eie-waarde te beleef. Hy is kwesbaar vir manipulasie deur andere. Sy motiewe om die misdade te pleeg is, onder andere, aangedryf om die goedkeuring van sy nuwe eggenoot te verkry. Die misdade is gepleeg as gevolg van finansiële druk wat deur sy eggenote op hom geplaas is. Die appellant is intussen geskei. Sy gewese eggenoot het hul baba met haar saam geneem toe sy die plaas verlaat het. Die appellant moes ook die familieplaas waarop hy geboer het verkoop en het ‘n aansienlike gedeelte van hierdie opbrengs betaal aan sy gewese eggenoot, met wie hy

kortstondig getroud was.Die klaers is ten volle vergoed vir die finansiële verliese wat hulle gely het.

11. Ek is van oordeel dat die verhoorlanddros die versagtende en verswarende faktore in hierdie saak op 'n gebalanseerde wyse oorweeg het en geen mistastings in hierdie verband begaan het nie. In ***S v Brand***(6)op bladsy 306 a-d spreek ***Van Reenen R*** homself soos uit oor die opweging van die belange van die gemeenskap teenoor die persoonlike omstandighede van die beskuldigde:

*"By die opweging van die belang van die gemeenskap moet dit in gedagte gehou word dat die howe gemeenskapsinstellings is wie se beslissings die lede van die gemeenskap raak. Die howe moet deur die vonnisse wat hulle oplê respek vir die regsproses afdwing deur strawwe wat nie slegs die erns van die misdaad pas nie, maar ook die persoonlike omstandighede van die beskuldigde in aanmerking neem. Daar is omstandighede waar die belange van die gemeenskap die oplegging van onopgeskorte gevangenisstraf verg, soos byvoorbeeld waar die beskerming teen die beskuldigde nodig is of waar die orde en vreedsaamheid van die gemeenskap bedreig word. Ook die aard van die misdryf mag sodanig wees dat onopgeskorte gevangenisstraf die enigste gepaste vonnis is. Daar moet egter daarteen gewaak word om nie die belange van die gemeenskap ten koste van 'n beskuldigde se persoonlike omstandighede te oorbeklemtoon nie."*

12. Die feit dat die appellant die klaers vergoed het beteken nie dat hy noodwendig 'n ligter vonnis moet kry nie. In ***S v Oosthuizen*** *supra* het die appellant oor 'n tydperk van 1 en 'n halwe maande 3 keer by dieselfde klaer, altesaam 16 skaap gesteel. Die appellant is gevonnis tot 4 jaar effektiewe gevangenisstraf, met 'n verdere 2 jaar

6 1998(1) SASV 296 (K); Sien ook S v V 1972(3) SA (A) op 620 F-G en **S v Lotter** 1991(2) SASV 588 (NK)

gevangenisstraf opgeskort. ***Kriegler AJA*** som die regsposisiesoos volg op, op bladsy11 e – g:

*“The sentences are no doubt robust, particularly in their cumulative effect, but they do not manifest any impropriety in the exercise of the trial court’s sentencing discretion…The crimes are inherently serious, they were carefully planned and were committed for greed not need. The magistrate took into account the prevalence of stock theft in her district and that three thefts were committed over a period of one and a half months. The fact that the complainant ultimately suffered no loss can in the circumstances have but little ameliorating effect on sentence.”*

13. Beide die advokate, vir die appellant en die respondent, het ons verwys na die beslissing van ***S v Truyens****supra.* In daardie saak het die appellant oor ‘n tydperk van 2 maande op 3 geleenthede, altesaam 48 bees gesteel by sy werkgewer om hoofsaaklik mediese onkostes te dek van sy terminale siek kinders. Die appellant is slegs op een aanklag aangekla. Hy het vorige oortredings gehad van oneerlikheidsmisdrywe, wat meer as 30 jaar vantevore plaasgevind het. Hy is in die streekhof gevonnis tot 4 jaar gevangenisstraf in terme van artikel 276(1)(i) van Wet 51 van 1977. Die vonnis is op appèl verhoog na 12 jaar gevangenisstraf, waarvan 4 jaar gevangenisstraf opgeskort is. In die verdere appèl is die verhoorhof se vonnis heringestel. Die omstandighede waaronder die misdrywe plaasgevind het is oorweeg,veral die siekte van sy kinders. Die feit dat die appellant sy pleit na skuldig verander het, ook ‘n gedeelte van die skade terug betaal het en die feit dat die klaer nie afhanklik was van die veeboerdery as sy primêre bron van inkomste nie, is ook in ag geneem. Die appellant het ook reeds 2 jaar van sy vonnis uitgedien, nadat die Hoë Hof sy vonnis verswaar het en hy borg geweier is, hangende verdere appèl.***Cachalia AR***som op bladsy85E – Fdie regsposisie soos volg op:

*“Stock theft is a sensitive issue in many farming communities. This is because it is difficult for farmers to prevent the crime and equally difficult for perpetrators to be apprehended and prosecuted. Cattle farmers are therefore particularly vulnerable to this type of crime. The courts have reflected these concerns by progressively imposing tougher sentences – usually direct imprisonment – on offenders.”*

14. Die vonnisse wat deur die verhoorhof opgelê is, is sonder twyfel swaar vonnisse. Die vonnisse op aanklagte 1 en 2 kan egter nie beskou word as onredelik of skokkend onvanpas nie. Ek is egter van oordeel dat die vonnisse op aanklag 3 so swaar is dat bevind kan word dat dieverhoorlanddros haar diskresie nie op ‘n redelike wyse uitgeoefen het nie. Verder is die kumulatiewe effek van die vonnisse nie in aanmerking geneem of voldoende in aanmerking geneem nie. In die lig hiervan is ek geregtig om in te meng met die opgelegde vonnis en opnuut vonnis te oorweeg.

15. Na oorweging van die feite en die relevante gesag, asook die argumente wat aan ons voorgehou is, is ek van oordeel dat direkte gevangenisstraf die enigste gepaste straf in die omstandighede is, maar dat die vonnis op aanklag 3 verander moet word en dat ook gelas moet word dat die vonnisse gesamentlik uitgedien moet word.

16. Ek maak die volgende bevel:

1. **Die appèl slaag;**

2. **Die vonnis op aanklag 3 word ter syde gestel en vervang met een van 6 (ses) jaar gevangenisstraf waarvan 2 jaar opgeskort word**

**vir 5 jaar op voorwaarde dat die beskuldigde nie skuldig bevind word aan diefstal, hetsy gemeenregtelik of soos na verwys in wet 57 van 1959, gepleeg gedurende die tydperk van opskorting nie en waarvoor direkte onopgeskorte gevangenisstraf van ten minste 12 (twaalf) maande, sonder die keuse van 'n boete opgelê word;**

3. **Dit word verder gelas dat die vonnis op aanklagte 2 en 3 uitgedien word saam met die vonnis op aanklag 1.**

____________________________

**SL ERASMUS**
**WAARNEMENDE REGTER**
**NOORD-KAAPSE AFDELING**

Ek stem saam.

____________________________

**V M PHATSHOANE**
**REGTER**
**NOORD-KAAPSE AFDELING**

| | |
|---|---|
| Namens die Appellant: | Adv J F van Heerden |
| In opdrag van: | Van Der Wall & Vnnote, Kimberley |
| Namens die Respondent: | Adv C G Jansen |
| Namens: | Direkteur van Openbare Vervolgens, Kimberley |